KINDERHOEKIE

Lees
Genesis 6:9-22

NOAG BOU 'N ARK

Maats, lees die skrifgedeelte en voltooi daarna al die ontbrekende woorde in die versreëls hieronder.

[14] "Maak vir jou 'n ark van _ _ _ _ _ _ _ _ _ _. Jy moet vertrekke in die _ _ _ maak en dit binne en buite met _ _ _ dig maak.
[15] Jy moet dit soos volg maak:
die _ _ _ _ _ _ van die ark moet honderd vyf en dertig _ _ _ _ _ wees, sy _ _ _ _ _ _ _ twee en twintig en 'n half meter en sy _ _ _ _ _ _ dertien en 'n half meter.
[16] Jy moet 'n _ _ _ vir die ark maak en sy _ _ _ moet jy vyf en veertig sentimeter hoog maak. Verder moet jy 'n _ _ _ _ aan die kant van die ark insit en 'n _ _ _ _ _ _ _ _, _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ en boonste _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ maak.

SUIDERKRUIS
'n Gemeente vir Oud en Jonk

ONDER ONS

Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk en Hester de Beer

Tel & Faks 018 294 7939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: Suiderkruis Gemeente Potchefstroom

26 MAART 2023

DAGBOEK

Vandag – 6e *Lydensweek*
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
Geen Kinderkerke
10:00 Koffie en tee in die foyer

Vrydag 31 Maart
Pannekoekbak by Pick 'n Pay

Saterdag 1 April
Pannekoekbak by Pick 'n Pay

Sondag 2 April – *7e Lydensweek*
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
Geen Kinderkerke
10:00 Koffie en tee in die foyer

KERKKANTOOR
Die Kerkkantoor open weer Maandag 3 April. Baie dankie ook aan almal se oproepe, whatsaps en gebede na my operasie. Dit gaan goed met my en is ek haastig om weer terug te keer werk toe.**– *Elize***

ONDER ONS
Hierdie is die laaste Onder Ons vir die eerste kwartaal. Die volgende Onder Ons verskyn weer op Sondag 16 April.

SIEKTEVERLOF – DS TIAAN
Liewe gemeente, ds Tiaan ervaar tans nog baie pyn. Hy is vir 6 weke met siekverlof en ons wil vra dat u hom sal kans gee om ten volle te herstel. Dankie vir almal se ondersteuning en gebede. In dringende gevalle, of indien u 'n dominee benodig, kontak Elize, 0832976748. Alle gemeente-aktiwiteite gaan aan soos normaal.

GEBEDSLYS
Bid asb vir:
- Ds Tiaan wat nog baie pyn ervaar.
- Kinders en familie van Kalahari Roodt wat verlede week oorlede is.

OU KLERE
Indien u ou klere het wat u nie meer gebruik nie, kontak asb vir Nunez van Zyl, 082 922 9234.

BELANGRIKE DATUMS

6 April – 18:00 Paassang en Nagmaal
7 April – Goeie Vrydag
9 April – 09:00 Opstandingsfees
12 April – 09:30 Oudejeugaksie
12 April – Skole open

POTJIEKOSKOMPETISIE

Baie dankie aan Willem en Jakkie Botes wat vir ons 'n Potjiekoskompetisie beplan vir Sondag 25 Junie. Daar gaan selfs 'n trofee wees vir die wenner van die kompetisie. Kaartjies gaan ook verkoop word as deel van 'n fondsinsamelingsprojek. Hulle is nou op soek na persone wat sal inskryf om 'n Pot te maak vir daai dag. Dit sal bepaal hoeveel kaartjies verkoop kan word. As jy kans sien om jou "wen-pot"in te skryf, bly asb vir 'n oomblik na die diens vanoggend agter sodat hulle net die name kan kry. Julle is ook welkom om vir Jakkie te skakel by 076 263 7050.

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Yoco Kaartmasjien
Elektroniese betaling:
EFT of Zapper
Bankbesonderhede:
NG Kerk Potch-Suid
Absa Tjekrekeningnr 680580049
Takkode 632005

U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.

SUIDERKRUIS WHATSAPGROEP

Moenie uitmis op belangrike nuus en gebeure in die gemeente nie. Indien jy nog nie op die gemeente se Whatsapgroep is nie, stuur sommer nou 'n whatsap na Elize (0832976748) en sy sal die skakel aanstuur. Net Ds Tiaan en Elize kan op daardie groep inligting plaas.
Die afkondigings word weekliks daarop geplaas sowel as die skakel na Ds Tiaan se preke. Daar sal geen "gemorspos" op die groep wees nie, slegs belangrike inligting sal deurgegee word.

DATUMS VAN FONDSINSAMELINGSPROJEKTE BEPLAN VIR DIE HUIDIGE BOEKJAAR:

- Pannekoek bak by Pick 'n Pay:
  12 en 13 Mei;
  30 Junie en 1 Julie;
  21 en 22 Julie;
  6 en 7 Oktober
- Mini-basaar: 19/20 Mei
- Proe-aand: 29 September
- Kersliedere-Kuier-Aand: 24 November

Ander projekte:

- Borg 'n bank
  (besonderhede sal deurgegee word)
- Hengelkompetisie
- Vleisprojek
- Potjiekoskompetisie

Indien daar enige idees is vir fondsinsamelings of as jul kan help by bg projekte, kontak asb die kerkkantoor en gee vir ons idees deur: 0182947939 / 0832976748.

DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

- R2-projek: Vat 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollektesakkie.
- Koperkruik-projek: Gooi al u "oorbodige" koper in die kruik wat in die voorportaal staan.
- 2e-Handse snuffelwinkel: Indien u enigiets het wat tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel [0729005005].
- Mandjieprojek ***– Elize***

VERTROU DIE HERE OOK MET JOU SLAAP

Wie van ons het nie al vir 'n paar oomblikke ingesluimer tydens 'n lesing, 'n opvoering, of 'n fliek nie? Of dalk tydens 'n kerkdiens? Maar dit kos moed om te doen wat die skaakkampioen van die wêreld, Magnus Carlsen, gedoen het. In 2014, tydens 'n skaakwedstryd teen Viswanathan Anand om die wêreldkroon, het hyself 'n vinnige uiltjie geknip. Fotos en video's hiervan het wêreldwyd opslae gemaak.
Dit lyk my ons almal kort meer slaap. Rus is noodsaaklik vir ons elkeen se fisiese gesondheid. Dit maak ook 'n belangrike deel uit van ons geestesgesondheid.
Psalms 3 en 4 leer by name vir ons dat om rustig te slaap, ook dui op ons vertroue in die Here. In Psalm 3 skryf Dawid dat hy deur vyande omring is. Nogtans bely hy hier in vers 5 dat die Here hom goed laat slaap en dat Hy hom ook weer laat wakker word.
In Psalm 4:8 skryf Dawid weer dat hy in die aand rustig aan die slaap kan raak, omdat sy vertroue in die Here geanker is.
Doen asseblief dieselfde. Plaas jou lewe in God se hand en gaan slaap elke aand in vrede.

-Stephan Joubert [eKerk]

VERJAARSDAGLYS

Vandag: Petro Killian **(88jr),** Adri Engelbrecht, Eric Scheepers
27 Maart: Aretha Bouwer, Heino, Marno en Ruandro Minnaar
28 Maart: Ella Burgers **(91 jr),** Retha du Toit, Ronel Kruger, Nicolene Vlok
29 Maart: Louis Cloete, Jors Naudé, Amelia Pretorius, Mornette Schoenfeld
30 Maart: Kyla Smit, Chella Venter
31 Maart: Carinne Botha, Magda Jacobs, Adri Smit
1 April: Gerda Deacon, Marita Jacobs
2 April: Sylvia Botha, Monique de Jager, Janine Engelbrecht, Sandra Joubert, Alta van Eck, Jean Viljoen
3 April: Clarise Mostert, Juané Erasmus, Marizan Nel, Michael Stander, Jacques Vosloo
4 April: Kaitlin Smit
5 April: Tooi du Toit, Charles Duncan, Thys Grobbelaar, Heinrich Kok, Andria Pretorius, Elna van Heerden
6 April: Ds Tiaan Mostert, Elsa Minnie
7 April: Aline Steenberg
8 April: Anna van Rooyen **(88jr),** Kobus Theron **(81 jr),** Julie vd Merwe, Bessie Vorster
9 April: Dawie Fourie, Riaan van Wyk
10 April: Robert Thomas **(81 jr)**
11 April: Neil Smit, Anneska vd Merwe, Wessie vd Westhuizen, Lienke van Eeden
12 April: Geen verjaarsdae
13 April: Lynn Cilliers, Wilna Joubert, Amanda Kruger, Marinda Nell, Robert Wilson
14 April: Gerhard van Tonder
15 April: Jos Bosman, Daantjie Jv Rensburg, Lize-Marie van Eeden

**Om in God te glo,
weet jy dat jy goeie dae sal hê,
ook slegte dae sal hê,
maar geen dag
sonder God sal hê nie!**